



Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 75c Plus 9c A.V.B. OORSEE: 95c



Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICES: S.A. 75c Plus G.S.T. OVERSEAS: 95c

Vol. 233

PRETORIA

12 DESEMBER

12 DECEMBER

1990

4727

OPENBARE VAKANSIEDAE

BELANGRIKE AANKONDIGING

SLUITINGSDATUM VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS, ENSOVOORTS

Aangesien 25 en 26 Desember 1990 Openbare Vakansiedae is, sal daar op Woensdag 26 Desember 1990 geen uitgawe van die Provinsiale Koerant verskyn nie.

Aangesien 1 Januarie 1991 'n Openbare Vakansiedag is, sal die sluitingsdatum vir die aanname van kennisgewings soos volg wees:

10:00 op Dinsdag, 18 Desember 1990, vir die uitgawe van die Provinsiale Koerant van Woensdag, 2 Januarie 1991.

10:00 op Vrydag, 28 Desember 1990, vir die uitgawe van die Provinsiale Koerant van Woensdag, 9 Januarie 1991.

Direkteur-generaal

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens, moet aan die Direkteur-generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Vyfde Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar) met ingang 1 Januarie 1989.

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R40,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 85c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 75c elk plus AVB.

Verkrygbaar by 5e Vloer, Kamer 515, Ou Poyntongebou, Kerkstraat, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aanname van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampste belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 10:00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat ná daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe met ingang van 1 Januarie 1989

Kennisgewing wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

PUBLIC HOLIDAYS

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

CLOSING TIME FOR ADMINISTRATOR'S NOTICES, ETC

As 25 and 26 December 1990 are Public Holidays, there will be no issue of the Provincial Gazette on Wednesday 26 December 1990.

As 1 January 1991 is also a Public Holiday the closing time for acceptance of notices will be as follows:

10:00 on Tuesday, 18 December 1990, for the issue of the Provincial Gazette on Wednesday, 2 January 1991.

10:00 on Friday, 28 December 1990, for the issue of the Provincial Gazette on Wednesday, 9 January 1991.

Director-general

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Director-General, Transvaal Provincial Administration, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance) as from 1 January 1989.

Transvaal Official Gazette (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R40,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 85c each plus GST

Price per single copy (post free) — 75c each plus GST.

Obtainable at Fifth Floor, Room 515, Old Poynton Building, Church Street, Pretoria, 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 10:00 on the Tuesday a week before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisements Rates as from 1 January 1989

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan.
Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R4,50 per sentimeter. Herhaling — R3,00.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Direkteur-generaal, Privaatsak X225, Pretoria 0001.

CGD GROVÉ
Namens Direkteur-generaal
K5-7-2-1

Proclamations

No 39 (Administrateurs-), 1990

PROKLAMASIE

INSLUITING VAN 'N OPENBARE OORD OP DIE PLAAS WITBANK 651-LQ, DISTRIK ELLISRAS IN DIE REGSGEBIED SOOS BEDOEL IN ARTIKEL 14(2) VAN DIE ORDONNANSIE OP DIE TRANSSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE, 1943

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14(2) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943) voeg ek die gebied in die Bylae hierby omskryf by die regsgebied soos bedoel in artikel 14(2) van die Ordonnansie, in.

Gegee onder my hand te Pretoria op hede die 24e dag van November Eenduisend Negenhonderd en Negentig.

D J HOUGH
Administrateur van die Provinsie Transvaal
GO 17/30/2/152

BYLAE

Plaas Witbank 651-LQ, Distrik Ellisras.

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 606 12 Desember 1990

VERKRYGING VAN GROND VIR DIE AANLEG EN INSTANDHOUDING VAN OPENBARE EN PROVINSIALE PAD K50: PRETORIA MUNISIPALE GEBIED

Kragtens artikel 7(1) van die Padordonnansie, 1957, gee die Administrateur hierby kennis dat hy 'n gedeelte van die Res tant van Gedeelte 149 van die plaas Garstfontein 374 JR soos op bygaande sketsplan aangedui, hierby verkry en in die naam van die Staat laat registreer vir die aanleg en instandhouding van openbare en provinsiale pad K50.

Die grond aldus verkry is fisies afgebaken en op plan PRS 77/126/22V aangetoon.

UKB: 1130 van 24 September 1990 verwys.
Verwysing: 10/4/1/4-K50(1)

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R4,50 per centimetre. Repeats — R3,00.

Subscriptions are payable in advance to the Director-General, Private Bag X225, Pretoria 0001.

CGD GROVÉ
For Director-General
K5-7-2-1

Proklamasies

No 39 (Administrator's), 1990

PROCLAMATION

INCLUSION OF A PUBLIC RESORT ON THE FARM WITBANK 651-LQ, DISTRICT ELLISRAS INTO THE AREA OF JURISDICTION AS CONTEMPLATED IN SECTION 14(2) OF THE TRANSSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS ORDINANCE 1943

Under the powers vested in me by section 14(2) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No 20 of 1943) I hereby proclaim that the area described in the Schedule hereto, is included in the area of jurisdiction as contemplated in section 14(2) of the Ordinance.

Given under my hand at Pretoria on this 24th day of November One Thousand Nine Hundred and Ninety.

D J HOUGH
Administrator of the Province Transvaal

SCHEDULE

Farm Witbank 651-LQ, district Ellisras.

Administrator's Notices


Administrator's Notice 606 12 December 1990

ACQUISITION OF LAND FOR THE CONSTRUCTION AND MAINTENANCE OF PUBLIC AND PROVINCIAL ROAD K50: MUNICIPAL AREA OF PRETORIA

In terms of section 7(1) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby gives notice that he hereby acquires and causes it to be registered in the name of the State a portion of the Remainder of Portion 149 of the farm Garstfontein 374 JR as indicated on the subjoined sketch plan for the construction and maintenance of public and provincial road K50.

The land so acquired has been physically demarcated and is shown on plan PRS 77/126/22V.

ECR: 1130 dated 24 September 1990 has reference.
Reference: 10/4/1/4-K50(1)



Administrateurskennisgewing 607

12 Desember 1990

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Alberton Uitbreiding 44 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-8543

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR JACOBA STREET PROPERTIES (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 294 VAN DIE PLAAS ELANDSFONTEIN 108-IR PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAANIS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Alberton Uitbreiding 44.

Administrator's Notice 607

12 December 1990

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Alberton Extension 44 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-8543

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY JACOBA STREET PROPERTIES (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 294 OF THE FARM ELANDSFONTEIN 108-IR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Alberton Extension 44.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG no. A 597/89.

(3) STORMWATERDREINERING EN STRAATBOU

- (a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursneë en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaan en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamiserings, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

- (b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.
- (c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.
- (d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd —

- (a) die volgende serwitut wat slegs 'n straat in die dorp raak:

"By virtue of Notarial Deed of Servitude No. 434/1967S registered this day the portion hereby transferred is subject to a servitude in favour of Die Suid-Afrikaanse Gasdistribusie korporasie Beperk to a perpetual right to convey and transmit gas over the said property along the line AE being the western boundary of the said servitude 30 feet wide as more fully shown on the annexed Diagram S.G. No. A.4950/66, as will more fully appear from the said Notarial Deed,"; and

- (b) die volgende serwitut wat slegs Erwe 1340 en 1341 in die dorp raak:

Deed of Servitude K1442/74S for stormwater drainage in favour of the Alberton Town Council.

(5) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle be-

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No A 597/89.

(3) STORMWATER DRAINAGE AND STREET CONSTRUCTION

- (a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

- (b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.
- (c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).
- (d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding —

- (a) the following servitude which affects a street in the township only:

"By virtue of Notarial Deed of Servitude No. 434/1967S registered this day the portion hereby transferred is subject to a servitude in favour of Die Suid-Afrikaanse Gasdistribusie korporasie Beperk to a perpetual right to convey and transmit gas over the said property along the line AE being the western boundary of the said servitude 30 feet wide as more fully shown on the annexed Diagram S.G. No. A.4950/66, as will more fully appear from the said Notarial Deed,"; and

- (b) the following servitude which affects Erven 1340 and 1341 in the township only:

Deed of Servitude K1442/74S for stormwater drainage in favour of the Alberton Town Council.

(5) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own expense

staande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

(6) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

- (1) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (2) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeiddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

674/89-09-11N

Administrateurskennisgewing 608 12 Desember 1990

STADSRAAD VAN KRIEL

KENNISGEWING VAN VERBETERING

Kennisgewing No. 565 van 21 November 1990 word hierby verbeter deur die uitdrukking "voor die Stadsraad van Krugersdorp" deur die uitdrukking "voor die Stadsraad van Lichtenburg" te vervang.

Administrateurskennisgewing 609 12 Desember 1990

ALBERTON-WYSIGINGSKEMA 405

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Alberton-dorpsbeplanningskema 1979 wat uit dieselfde

cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

(6) OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES

The township owner shall within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services and the installation of systems therefor, as previously agreed upon between the township owner and the local authority.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

- (1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

674/89-09-11N

Administrator's Notice 608 12 December 1990

TOWN COUNCIL OF KRIEL

CORRECTION NOTICE

Notice No 565, dated 21 November 1990, is hereby corrected by the substitution for the expression "before the Town Council of Krugersdorp" of the expression "before the Town Council of Lichtenburg".

/PB

Administrator's Notice 609 12 December 1990

ALBERTON AMENDMENT SCHEME 405

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Alberton Town-planning Scheme 1979

grond as die dorp Alberton Uitbreiding 44 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur van Gemeenskapsdienste, Pretoria, en die Stadsklerk, Alberton, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Alberton-wysigingskema 405.

PB 4-9-2-4H-405

56/890605N

Administrateurskennisgewing 610 12 Desember 1990

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Lakefield Uitbreiding 34 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB 4-2-2-7011

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR ALAN WALTER JAMES INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 358 VAN DIE PLAAS KLEINFONTEIN 67-IR PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Lakefield Uitbreiding 34.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. A8943/85.

(3) STORMWATERDREINERING EN STRAATBOU

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursnee en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaan en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevredi-

comprising the same land as included in the township of Alberton Extension 44.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director of Community Services, Pretoria, and the Town Clerk, Alberton, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Alberton Amendment Scheme 44.

PB 4-9-2-4H-405

56/890605N

Administrator's Notice 610 12 December 1990

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Lakefield Extension 34 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB 4-2-2-7011

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ALAN WALTER JAMES UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 358 OF THE FARM KLEINFONTEIN 67-IR PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Lakefield Extension 34.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No A8943/85.

(3) STORMWATER DRAINAGE AND STREET CONSTRUCTION

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the sa-

ging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

- (d) Indien die dorpsenaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpsenaar te doen.

(4) BEGIFTIGING

Die dorpsenaar moet kragtens die bepalings van artikel 63(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R21 742,50 betaal welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging van 'n park (openbare oopruimte).

Sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

(5) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende serwituut wat slegs 'n straat in die dorp raak:

“and further subject to a servitude of right of way with ancillary rights in favour of the Town Council of Benoni registered under Notarial Deed 520/1966S registered on the 4th May, 1956”.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goëddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onder-

tisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

- (d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) ENDOWMENT

The township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment of R21 742,50 to the local authority for the provision of land for a park (public open space).

Such endowment shall be payable in terms of section 73 of the said Ordinance.

(5) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitude which affects a street in the township only:

“and further subject to a servitude of rights of way with ancillary rights in favour of the Town Council of Benoni registered under Notarial Deed 520/1956S registered on the 4th May, 1956”.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) ALL ERVEN

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid pur-

worpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) ERWE 608 EN 609

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformator-/substasiedoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

14/90-09-03P

Administrateurskennisgewing 611 12 Desember 1990

BENONI-WYSIGINGSKEMA 334

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Benoni-dorpsaanlegskema 1947 wat uit dieselfde grond as die dorp Lakefield Uitbreiding 34 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur van Gemeenskapsdienste, Pretoria, en die Stadsclerk, Benoni, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Benoni-wysigingskema 334.

PB 4-9-2-6-334

56/890605N

Administrateurskennisgewing 612 12 Desember 1990

STADSRAAD VAN VOLKSRUST

KENNISGEWING VAN VERBETERING

Kennisgewing No. 564 van 21 November 1990 word hierby verbeter deur die uitdrukking "voor die Stadsraad van Witbank" deur die uitdrukking "voor die Stadsraad van Warmbad" te vervang.

Administrateurskennisgewing 613 12 Desember 1990

ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE 17 VAN 1939): WYSIGING VAN DIE SESDE BYLAE

Ingevolge artikel 171 *ter* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), wysig die Administrateur hierby die Sesde Bylae tot daardie Ordonnansie deur —

- (a) 'n Deel II die naam van die Stadsraad van Akasia voor die Stadsraad van Alberton in te voeg; en
- (b) 'n Deel III die naam van die Stadsraad van Akasia te skrap.

PB 3-2-11-1

Administrateurskennisgewing 614 12 Desember 1990

MUNISIPALITEIT LICHTENBURG: VERANDERING VAN GRENSE

Die Administrateur het ingevolge artikel 9(7) van die Ordon-

pose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERVEN 608 AND 609

The erf is subject to a servitude for transformer/substation purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan.

14/90-09-13P

Administrator's Notice 611 12 December 1990

BENONI AMENDMENT SCHEME 334

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Benoni Town-planning Scheme 1947 comprising the same land as included in the township of Lakefield Extension 34.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director of Community Services, Pretoria, and the Town Clerk, Benoni, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Benoni Amendment Scheme 334.

PB 4-9-2-6-334

56/890605N

Administrator's Notice 612 12 December 1990

TOWN COUNCIL OF VOLKSRUST

CORRECTION NOTICE

Notice No 564, dated 21 November 1990 is hereby corrected by the substitution for the expression "before the Town Council of Witbank" of the expression "before the Town Council of Warm Baths".

/PB

Administrator's Notice 613 12 December 1990

LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE 17 OF 1939): AMENDMENT OF THE SIXTH SCHEDULE

In terms of section 171 *ter* of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), the Administrator hereby amends the Sixth Schedule to that Ordinance by —

- (a) the insertion of Part II of the name of the Town Council of Akasia before the Town Council of Alberton; and
- (b) by the deletion from Part III of the name of the Town Council of Akasia.

PB 3-2-11-1

Administrator's Notice 614 12 December 1990

LICHTENBURG MUNICIPALITY: ALTERATION OF BOUNDARIES

The Administrator has in terms of section 9(7) of the Local

nansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) die grense van die munisipaliteit van Lichtenburg verander deur die inlywing daarby van die gebied wat in die bylae hierby omskryf word.

BYLAE

Begin by Baken C op Algemene Plan A 3824/82 van die dorp Blydeville; daarvandaan suidooswaarts met die grens van die Restant van Gedeelte 1, groot 795,2912 Hektaar (Kaart A 1624/21) van die plaas Rietdraai 51-IP langs, tot by Baken K op Kaart A 3440/50 vervaardig vir 'n Reg van Weg oor die genoemde Restant van Gedeelte 1 van die plaas Rietdraai 51-IP; daarvandaan algemeen weswaarts in 'n reeks reguit lyne deur Bakens J, H, G en F op die genoemde Kaart A 3440/50 vervaardig vir 'n Reg van Weg, tot by Baken E daarop; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn oor die genoemde Restant van Gedeelte 1 van die plaas Rietdraai 51 IP, tot by Baken D op die genoemde Algemene Plan A 3824/82 van die dorp Blydeville; daarvandaan algemeen noordweswaarts en algemeen noordooswaarts in 'n reeks reguit lyne deur Bakens E, F, A en B op die genoemde Algemene Plan A 3824/82, tot by Baken C daarop, die beginpunt.

GO 17/30/2/19

107

Administrateurskennisgewing 615 12 Desember 1990

WET OP SWART PLAASLIKE OWERHEDE, 1982 (WET NO. 102 VAN 1982)

VERANDERING VAN DIE REGSGEBIED VAN DIE STADSRAAD VAN SOWETO

Ek, Daniel Jacobus Hough, Administrateur van die Provinsie Transvaal, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(2)(b) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982) en na oorlegpleging met die Minister van Beplanning en Provinsiale Sake en die Stadsraad van Soweto ingestel by Goewermmentskennisgewing No. R. 2112 van 23 September 1983, verander hierby die regsgebied van daardie stadsraad deur die gebiede in die Bylae hierby vermeld, daarby te voeg.

D.J. HOUGH

Administrateur van die Provinsie Transvaal

BYLAE

KLIPSPRUIT NO. 298 IQ

- (1) Restant Gedeelte 12 ('n gedeelte van Gedeelte 1), 4,4895 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2160/21.
- (2) Gedeelte 13 ('n gedeelte van Gedeelte 1), 1,924 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2597/21.
- (3) Gedeelte 16 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 6,6098 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2847/23.
- (4) Gedeelte 17 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 3,7693 ha groot en word aangetoon op Kaart L.G. A 2848/23.
- (5) Gedeelte 18 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 6,4749 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2849/23.
- (6) Gedeelte 19 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 10,1156 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2850/23.
- (7) Gedeelte 20 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 6,1342 ha groot en word aangetoon op Kaart L.G. A 2851/23.
- (8) Gedeelte 24 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 5,8785 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2855/23.
- (9) Gedeelte 25 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 4,0471 ha groot en word aangetoon op Kaart L.G. A 2856/23.

Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), altered the boundaries of the municipality of Lichtenburg by the incorporation therein of the area described in the schedule hereto.

SCHEDULE

Beginning at Beacon C on General Plan A 3824/82 of Blydeville township; thence south-eastwards along the boundary of the Remainder of Portion 1, in extent 795,2912 Hectares (Diagram A 1642/21) of the farm Rietdraai 51-IP, the Beacon K on Diagram A 3440/50 framed for a Right of Way across the said Remainder of Portion 1 of the farm Rietdraai 51-IP; thence generally westwards in a series of straight lines through Beacons J, H, G and F on the said Diagram A 3440/50 framed for a Right of way, to the Beacon E thereon; thence north-eastwards in a straight line across the said Remainder of Portion 1 of the farm Rietdraai 51-IP, to Beacon D on the said General Plan A 3824/82 of Blydeville township; thence generally north-westwards and generally north-eastwards in a series of straight lines through Beacons E, F, A and B on the said General Plan A 3824/82, to Beacon C thereon, the point of beginning.

GO 17/30/2/19

107

Administrator's Notice 615 12 December 1990

BLACK LOCAL AUTHORITIES ACT, 1982 (ACT NO. 102 OF 1982)

ALTERATION OF THE AREA OF JURISDICTION OF THE CITY COUNCIL OF SOWETO

I, Daniel Jacobus Hough, Administrator of the Province of the Transvaal, by virtue of the powers vested in me by section 2(2)(b) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No 102 of 1982) and after Consultation with the Minister of Planning and Provincial Affairs and the City Council of Soweto, established by Government Notice R. 2112 of 23 September 1983, hereby alters the area of jurisdiction of that city council by adding thereto the areas mentioned in the Schedule hereto.

D.J. HOUGH

Administrator of the Province of Transvaal

SCHEDULE

KLIPSPRUIT NO. 298 IQ

- (1) Remainder Portion 12 (a portion of Portion 1), 4,4895 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2160/21.
- (2) Portion 13 (a portion of Portion 1), 1,924 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 2597/21.
- (3) Portion 16 (a portion of Portion 12), 6,6098 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2847/23.
- (4) Portion 17 (a portion of Portion 12), 3,7693 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2848/23.
- (5) Portion 18 (a portion of Portion 12), 6,4749 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2849/23.
- (6) Portion 19 (a portion of Portion 12), 10,1156 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2850/23.
- (7) Portion 20 (a portion of Portion 12), 6,1342 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2851/23.
- (8) Portion 24 (a portion of Portion 12), 5,8785 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2855/23.
- (9) Portion 25 (a portion of Portion 12), 4,0471 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2856/23.

- (10) Gedeelte 26 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 3,3108 ha groot en word aangetoon op Kaart L.G. A 2857/23.
- (11) Gedeelte 27 ('n gedeelte van Gedeelte 12), 4,4926 ha groot en word aangetoon op Kaart L.G. A 2858/23.
- (12) Gedeelte 37 ('n gedeelte van Gedeelte 1), 0,814 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 3120/25.
- (13) Gedeelte 50 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 0,734 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1108/30.
- (14) Gedeelte 52 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 5 380 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1115/31.
- (15) Gedeelte 54 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 5 408 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1117/31.
- (16) Gedeelte 56 ('n gedeelte van Gedeelte 18), 7 715 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 71/32.
- (17) Gedeelte 57 ('n gedeelte van Gedeelte 18), 8 094 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 72/32.
- (18) Gedeelte 66 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 1 476 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 3429/35.
- (19) Gedeelte 68 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 1 587 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1891/36.
- (20) Gedeelte 69 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 750 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 3276/36.
- (21) Gedeelte 71 ('n gedeelte van Gedeelte 44), 1 266 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 991/39.
- (22) Gedeelte 80 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 1 471 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1621/40.
- (23) Restant van Gedeelte 84 ('n gedeelte van Gedeelte 17), 3 100 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1745/42.
- (24) Gedeelte 85 ('n gedeelte van Gedeelte 84), 3 477 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1746/42.
- (25) Gedeelte 86 ('n gedeelte van Gedeelte 26), 5 353 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 4025/42.
- (26) Gedeelte 88 ('n gedeelte van Gedeelte 26), 2 010 m² groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1792/45.
- (27) Gedeelte 89 ('n gedeelte van Gedeelte 24), 4,8770 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 517/51.
- (28) Gedeelte 92 ('n gedeelte van Gedeelte 6), 3 674 m² groot en word aangetoon op Kaart L.G. A 70/53.

KLIPRIVERSOOG NO. 299 IQ

- (1) Restant van Gedeelte 22 ('n gedeelte van Gedeelte 19), 33,3631 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2284/19.
- (2) Gedeelte 29 ('n gedeelte van Gedeelte 18), 4,5 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 1337/23.
- (3) Gedeelte 31 ('n gedeelte van Gedeelte 19), 22,1256 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 4340/26.
- (4) Gedeelte 55 ('n gedeelte van Gedeelte 22), 26,3222 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 2103/52.

RACECOURSE LANDGOED

Erwe 1-54, 63-75 en 91-94, 5,1195 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 7425/85.

KLIPRIVERSOOG LANDGOED

Gedeelte 1-24 (gedeeltes van Lot 16), 6,2305 ha groot soos aangetoon op Kaart L.G. A 7425/85.

Lêernommer GO 18/1/2/376

- (10) Portion 26 (a portion of Portion 12), 3,3108 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2857/23.
- (11) Portion 27 (a portion of Portion 12), 4,4926 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2858/23.
- (12) Portion 37 (a portion of Portion 1), 0,814 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 3120/25.
- (13) Portion 50 (a portion of Portion 17), 0,734 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 1108/30.
- (14) Portion 52 (a portion of Portion 17), 5 380 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1115/31.
- (15) Portion 54 (a portion of Portion 17), 5 408 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1117/31.
- (16) Portion 56 (a portion of Portion 18), 7 715 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 71/32.
- (17) Portion 57 (a portion of Portion 18), 8 094 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 72/32.
- (18) Portion 66 (a portion of Portion 17), 1 476 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 3429/35.
- (19) Portion 68 (a portion of Portion 17), 1 587 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1891/36.
- (20) Portion 69 (a portion of Portion 17), 750 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 3276/36.
- (21) Portion 71 (a portion of Portion 44), 1 266 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 991/39.
- (22) Portion 80 (a portion of Portion 17), 1 471 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1621/40.
- (23) Remainder of Portion 84 (a portion of Portion 17), 3 100 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1745/42.
- (24) Portion 85 (a portion of Portion 84), 3 477 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1746/42.
- (25) Portion 86 (a portion of Portion 26), 5 353 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 4025/42.
- (26) Portion 88 (a portion of Portion 26), 2 010 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 1792/45.
- (27) Portion 89 (a portion of Portion 24), 4,8770 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 517/51.
- (28) Portion 92 (a portion of Portion 6), 3 674 m² in extent as shown on Diagram S.G. A 70/53.

KLIPRIVERSOOG NO 299 IQ

- (1) Remainder Portion 22 (a portion of Portion 19), 33,3631 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2284/19.
- (2) Portion 29 (a portion of Portion 18) 4,5 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 1337/23.
- (3) Portion 31 (a portion of Portion 19), 22,1256 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 4340/26.
- (4) Portion 55 (a portion of Portion 22) 26,3222 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 2103/53.

RACECOURSE ESTATE

Stands 1-54, 63-75 and 91-94, 5,1195 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 7425/85.

KLIPRIVERSOOG ESTATE

Portions 1-24 (portions of Lot 16), 6,2305 ha in extent as shown on Diagram S.G. A 7425/85.

File number GO 18/1/2/376

Algemene Kennisgewings

KENNISGEWING 2410 VAN 1990

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM VOORGE- STELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Munisipaliteit van Potchefstroom 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdheids aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Potchefstroom verander deur die uitsluiting daaruit van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant aan die Direkteur-generaal: Tak Gemeenskapsontwikkeling, Privaatsak X437, Pretoria 0001 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur-generaal, Tak Gemeenskapsontwikkeling, Kamer B213, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

BYLAE

Gedeelte 525 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Town and Townlands of Potchefstroom 435 IQ, volgens Kaart A 7423/89.

PB 3-2-3-26 VOL 7

KENNISGEWING 2448 VAN 1990

MUNISIPALITEIT MALELANE

PERMANENTE SLUITING VAN STRAAT

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Munisipaliteit van Malelane van voorneme is om 'n gedeelte van Derdestraat padreserwe Malelane Uitbreiding 1 permanent te sluit met die doel om die eiendom ingevolge die bepaling van artikel 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te vervreem.

Die plan, wat die gedeelte van die straat wat gesluit gaan word, aantoon, lê by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Malelane, ter insae.

Enigiemand wat hierteen beswaar wil aanteken of vertoë wil rig, moet sodanige beswaar skriftelik aan die Stadsklerk, Posbus 101, Malelane 1320 voor of op 12 Februarie 1991 indien.

G T J GELDENHUYS
Stadsklerk

Munisipaliteit van Malelane
Posbus 101
Malelane
1320

General Notices

NOTICE 2410 OF 1990

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Potchefstroom Municipality has submitted a petition of the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Potchefstroom Municipality by the exclusion of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the Provincial Gazette, to direct to the Director General: Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria 0001 a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director General: Community Development Branch, Room B213, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

SCHEDULE

Portion 525 (a portion of Portion 2) of the farm Town and Townlands of Potchefstroom 435 IQ, vide Diagram A 7423/89.

PB 3-2-3-26 VOL 7

28-5-12

NOTICE 2448 OF 1990

MUNICIPALITY OF MALELANE

PERMANENT CLOSING OF STREET

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Municipality of Malelane intends the permanent closing of a portion of Third Street road reserve Malelane Extension 1 for the purpose to alienate the property according to section 79(18) of the Local Government Ordinance 1939.

A plan indicating the portion of the street to be closed, may be inspected during office hours at the office of the Town Secretary, Civic Centre, Malelane.

Any person who wishes to object to the proposed closing or wishes to make a recommendation in this regard, should lodge such objections or recommendations to the Town Clerk, PO Box 101, Malelane, 1320, to reach him on or before 12 February 1991.

G T J GELDENHUYS
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 101
Malelane
1320

KENNISGEWING 2454 VAN 1990

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

Ek, Errol Raymond Bryce, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Gedeelte 1 van Erf 89 en Erf 692, Gezina, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema bekend as Pretoria-dorpsbeplanningskema 1974 deur die hersonering van die eiendomme hierbo beskryf, geleë te Voortrekkersweg en Nengendelaan van algemene besigheid en spesiale woon tot algemene besigheid insluitend pakhuse en ander verwante gebruike.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3204, 3de Vloer, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Desember 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 5 Desember 1990 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 440, Pretoria, 0001 ingedien of gerig word.

Adres van agent: E R Bryce en Medewerkers, Posbus 28528, Sunnyside 0132. Tel. 324 3170/1.

KENNISGEWING 2455 VAN 1990

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 3266

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

public offices, public garages, residential buildings, places of instruction, places of amusement, bakeries, institutions, hotels, social halls, commercial uses, and with the consent of the local authority other uses: 2.

Description of land on which township is to be established: Portion 8 and 9, of Holding 4, Halfway House Estate Agricultural Holdings.

Situation of proposed township: The proposed township is located west of and directly adjacent to the proposed K-101 Provincial Road, between said road and Broadwalk. The proposed township is furthermore located south west of the Grand Central Airport site.

Reference No: 15-8-HH68

Name of township: Halfway House Extension 69.

Full name of applicant: Plan Practice Inc.

Number of erven in proposed township: "Special" for shops, offices, business buildings, public offices, public garages, residential buildings, places of instruction, places of amusement, bakeries, institutions, hotels, social halls, commercial uses, and with the consent of the local authority other uses: 2.

Description of land on which township is to be established: Portion 11 of Holding 4 Halfway House Estate Agricultural Holdings.

Situation of proposed township: The proposed township is located west of and directly adjacent to the proposed K-101 Provincial Road, between said road and Broadwalk. The proposed township is furthermore located south west of the Grand Central Airport site.

Reference No: 15-8-HH69 12-19

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4500

MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA 178

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

Daar word hiermee ingevolgt Artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis gegee dat die Stadsraad van Middelburg die wysiging van die Middelburg-dorpsbeplanningskema, 1974, waarby Erf 1909 Middelburg Uitbreiding 4 na "Spesiale Besigheid 2" hersooneer word, onderhewig aan sekere voorwaardes, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria asook die Stadsklerk Middelburg, Munisipale Kantore, Wandererslaan.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema 178 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

P.F. COLIN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Middelburg (Tvl).
1050
12 Desember 1990

Kennisgewing Nr. 35/W/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4500

MIDDELBURG AMENDMENT SCHEME
178

NOTICE OF APPROVAL

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that

the Town Council of Middelburg has approved the amendment scheme of the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Erf 1909 Middelburg Extension 4 to "Special Business 2" subject to certain conditions.

Map 3 and the Scheme clauses of the amendment scheme, will lie open for inspection at all reasonable times at the offices of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria as well as the Town Clerk Middelburg, Municipal Buildings, Wanderers Avenue.

This amendment is known as Middelburg Amendment Scheme 178 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

P.F. COLIN
Town Clerk

Municipal Offices
Middelburg (Tvl)
1050
12 December 1990
Notice No. 35/W/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4501

MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA 177

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

Daar word hiermee ingevolgt Artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis gegee dat die Stadsraad van Middelburg die wysiging van die Middelburg-dorpsbeplanningskema, 1974, waarby erf 1875 Middelburg Uitbreiding 4 na "Spesiaal" vir 'n Openbare Garage hersooneer word, onderhewig aan sekere voorwaardes, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria asook die Stadsklerk Middelburg, Munisipale Kantore, Wandererslaan.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema 177 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

P.F. COLIN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Middelburg (Tvl)
1050
12 Desember 1990
Kennisgewing Nr. 34/W/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4501

MIDDELBURG AMENDMENT SCHEME
177

NOTICE OF APPROVAL

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) that the Town Council of Middelburg has approved the amendment scheme of the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Erf 1975 Middelburg Extension 4 to "Special" for a Public Garage, subject to certain conditions.

Map 3 and the Scheme clauses of the amendment scheme, will lie open for inspection at all reasonable times at the offices of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly,

Pretoria as well as the Town Clerk Middelburg, Municipal Buildings, Wanderers Avenue.

This amendment is known as Middelburg Amendment Scheme 177 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

P.F. COLIN
Town Clerk

Municipal Offices
Middelburg (Tvl)
1050
12 December 1990
Notice No. 34/W/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4502

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

REGSTELLINGSKENNISGEWING

Plaaslike Bestuurskennisgewing 3952 gedateer 31 Oktober 1990, word hiermee reggestel deur die vervanging van die woorde "Vulstasie: 1 Erf" met die woorde "Openbare Garage: 1 Erf".

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4502

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT

CORRECTION NOTICE

Local Authority Notice 3952 dated 31 October 1990, is hereby corrected by substituting the words "Filling Station: 1 Erf" with the words "Public Garage: 1 Erf".

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4503

STADSRAAD VAN NIGEL

BEGRAAFPLAASTARIEWE

Ingevolge die bepaling van Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Nigel, by spesiale besluit die begraafplaastariewe soos gepubliseer in die Provinsiale Koerant 4715 gedateer 17 Oktober 1990 onder Plaaslike Bestuurskennisgewing 3673 met ingang 1 September 1990 gewysig het deur in item 1(a)(ii) die syfers "105,00" en "75,00" deur die syfers "90,00" en "60,00" onderskeidelik te vervang.

P.M. WAGENER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 23
Nigel
1490
12 Desember 1990
Kennisgewing No. 102/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4503

TOWN COUNCIL OF NIGEL

CEMETERY TARIFFS

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is

hereby notified that the Nigel Town Council has by special resolution amended the cemetery charges published in the Provincial Gazette 4715 dated 17 October 1990 under Local Authority Notice 3673 with effect from 1 September 1990 by the substitution in item 1(a)(ii) for the figures "105,00" and "75,00" of the figures "90,00" and "60,00" respectively.

P.M. WAGENER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 23
Nigel
1490
12 December 1990
Notice No. 102/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4504

STADSRAAD VAN NIGEL

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDE

Die Stadsklerk van Nigel publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge betreffende Lisensies en Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit van Nigel afgekondig by Administrateurskennisgewing 1868 van 29 Desember 1971, soos gewysig, word hierby met ingang 1 Januarie 1991 gewysig deur item 4(d) van Bylae 2 deur die volgende item te vervang:

"4(d) Passasiersvoertuie Halfjaarliks

(i) Enige openbare voertuig wat ontwerp of aangepas is uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van hoogstens sestiens persone met inbegrip van die bestuurder

R100

(ii) Enige openbare motorvoertuig wat ontwerp of aangepas is uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van meer as sestiens persone met inbegrip van die bestuurder"

R200

P.M. WAGENER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 23
Nigel
1490
12 Desember 1990
Kennisgewing No. 103/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4504

TOWN COUNCIL OF NIGEL

AMENDMENT OF BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL

The Town Clerk of Nigel hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, publishes the By-laws set forth hereafter which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The By-laws relating to Licences and Business control of the Nigel Municipality published under Administrator's Notice 1868 dated 29 December 1971 as amended, are hereby amended with effect from 1 January 1991 by the substituti-

tion under Schedule 2 for item 4(d) of the following item:

"4(d) Passenger Vehicles Half Yearly

(i) Any public motor vehicles designed or adapted solely or principally for the conveyance of persons not exceeding sixteen in number including the driver.

R100

(ii) Any public motor vehicle designed or adapted solely or principally for the conveyance of more than sixteen persons including the driver".

R200

P.M. WAGENER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 23
Nigel
1490
12 December 1990
Notice No. 103/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4505

NIGEL STADSRAAD

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Nigel gee hiermee ingevolge Artikel 28(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kennis dat 'n ontwerpskema bekend te staan as Wysigingskema 93 deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstel:

Hersonering van Erf 794, Visagiepark, vanaf "Residensiële 4" na "Opvoedkundig".

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 101, Munisipale Kantore, Hendrik Verwoerdstraat 145, Nigel vir 'n tydperk van 28 (aght en twintig) dae vanaf 12 Desember 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 (aght en twintig) dae vanaf 12 Desember 1990 skriftelik by die Stadsklerk by bovermelde adres of by Nigel Stadsraad, Posbus 23, Nigel, 1490, ingedien of gerig word.

P.M. WAGENER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 23
Nigel
1490
12 Desember 1990
Kennisgewing No. 104/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4505

NIGEL TOWN COUNCIL

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The Town Council of Nigel hereby gives notice in terms of section 28(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance (Ordinance 15 of 1986), that a draft scheme to be known as Amendment Scheme Number 93 has been prepared by it.

This is an amendment scheme and contains the following proposal:

Rezoning of Erf 794, Visagiepark, from "Residential 4" to "Education".

The draft scheme is open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Room Number 101, Municipal Offices, 145 Hendrik Verwoerd Street, Nigel for a period of 28 (twenty eight) days from 12 December 1990.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing to the Town Clerk at the above address or at Nigel Town Council, PO Box 23, Nigel, 1490, within a period of 28 (twenty eight) days from 12 December 1990.

P.M. WAGENER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 23
Nigel
1490
12 December 1990
Notice No. 104/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4506

STADSRAAD VAN NYLSTROOM

WYSIGING VAN DIE VASSTELLING VAN
GELDE VIR ELEKTRISITEITSVOORSIE-
NING

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17/1939, dat die Stadsraad van Nylstroom by Spesiale Besluit die tariewe gehê in terme van die Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge gewysig het met ingang van 1 Januarie 1991.

Die strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir die verhoging van die tariewe wat ingevolge die verordeninge gevorder word.

Afskrifte van die wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant by ondergetekende indien.

J B PIENAAR
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Privaatsak X1008
Nylstroom
0510
Kennissgewing No. 28/1990/11/28

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4506

NYLSTROOM TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION
OF CHARGES FOR ELECTRICITY SUP-
PLY

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Nylstroom Town Council has by Special Resolution amended the tariffs levied in terms of the Electricity By-laws with effect from 1 January 1991.

The purport of the amendment is to make provision for an increase in tariffs.

Copies of the amendment will be open for inspection at the office of the Town Secretary for a period of 14 days from date of publication hereof.

Objections against the amendments must be lodged with the undersigned within 14 days of

the publication of this notice in the Provincial Gazette.

J B PIENAAR
Town Clerk

Municipal Offices
Private Bag X1008
Nylstroom
0510

Notice No. 28/1990/11/28

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4507

STADSRAAD VAN NYLSTROOM

SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN VAN
EMMENISSTRAAT EN DIE REGISTREER
VAN 'N SERWITUUT TEN GUNSTE VAN
DIE POSKANTOOR

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikels 67 en 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Nylstroom van voorneme is om 'n gedeelte van Van Emmenisstraat te sluit en om dit per ewigdurende serwituit aan die Poskantoor vir die oprigting van 'n nuwe posbusgebou beskikbaar te stel.

Besonderhede van die voorgestelde sluiting lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Nylstroom vir 'n tydperk van 60 dae vanaf die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing.

Enige beswaar of vertoë in hierdie verband moet binne 'n tydperk van 60 dae vanaf bogenemde datum skriftelik aan die Stadsklerk, Privaatsak X1008, Nylstroom 0510 gerig word.

J B PIENAAR
Stadsklerk

Burgersentrum
Privaatsak X1008
Nylstroom
0510
Kennissgewing No. 27/1990
26 November 1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4507

NYLSTROOM TOWN COUNCIL

CLOSING OF A PORTION OF VAN EMME-
NIS STREET AND THE REGISTRATION
OF A SERVITUDE

Notice is hereby given in terms of Section 67 and 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Nylstroom intends to close a portion of Van Emmenis Street and to place it at the disposal of the Post Office by means of an everlasting servitude for the erection of a new post office box building.

Particulars of the proposed closing are open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, Nylstroom, for a period of 60 days from the date of publication of this notice.

Any objections or representations in this regard must be submitted in writing to the Town Clerk, Private Bag X1008, Nylstroom 0510 within a period of 60 days from the abovementioned date.

J B PIENAAR
Town Clerk

Civic Centre
Private Bag X1008
Nylstroom
0510

Notice No. 27/1990
26 November 1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4508

STADSRAAD VAN PHALABORWA

WYSIGING VAN TARIIEWE: BEGRAAF-
PLAAS EN BIBLIOTEEK

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Phalaborwa die tariewe ten opsigte van (i) Die Begraafplaas soos afgekondig onder kennisgewing 36/1989 in Provinsiale Koerant 4645 van 25 Oktober 1989 en die tariewe ten opsigte van die (ii) Die Biblioteek soos afgekondig onder kennisgewing 30/1985 in Provinsiale Koerant 4406 van 21 Oktober 1985 met ingang van 1 Oktober soos volg wysig:

(i) BEGRAAFPLAAS:

1. Deur in item 1(1) die bedrag "R60,00" deur die bedrag "R200,00" te vervang.

2. Deur in item 1(2) die bedrag "R40,00" deur die bedrag "R180,00" te vervang.

3. Deur in item 2(1) die bedrag "R40,00" deur die bedrag "R180,00" te vervang.

4. Deur in item 2(2) die bedrag "R60,00" deur die bedrag "R200,00" te vervang.

5. Deur in item 3(1) die bedrag "R30,00" deur die bedrag "R100,00" te vervang en onder die beskrywing "inwoner" die bedrag "R20,00" in te voeg.

6. Deur in item 3(2) die bedrag "R20,00" deur die bedrag "R80,00" te vervang en onder die beskrywing "inwoner" die bedrag "R20,00" in te voeg.

7. Deur in item 4(1) die bedrag "R80,00" deur die bedrag "R250,00" te vervang en onder die beskrywing "inwoner" die bedrag "R60,00" in te voeg.

8. Deur in item 4(2) die bedrag "R10,00" deur die bedrag "R50,00" te vervang en onder die beskrywing "inwoner" die bedrag "R10,00" in te voeg.

9. Deur die byvoeging van paragraaf 5: Vir die toepassing van hierdie tariewe het onderstaande woorde en uitdrukkinge die volgende betekenis: "Inwoner" is "Eiendomsbelastingbetaler" of houer van 'n munisipale verbruikersrekening wat ook insluit die eggenote, seun of dogter van 'n Eiendomsbelastingbetaler of houer van 'n munisipale verbruikersrekening.

(ii) BIBLIOTEEK:

1. Deur die byvoeging van Paragraaf 2.

2. Tariewe ten opsigte van lidmaatskap van die Biblioteek.

2.1 Inwoners, per gesin per jaar — Gratis.

(Inwoner is 'n belastingbetaler of betaler van 'n diensterrekening aan die Stadsraad van Phalaborwa en sy natuurlike gesin.)

2.2 Lede woonagtig buite die regsgebied van Phalaborwa:

(i) Per enkelopende of per gesin per jaar — R60,00 ('n gesin sluit in die vader, moeder en eerste twee natuurlike of wettiglik-aangenome kinders).

(ii) Vir elke kind meer as twee kinders in 'n gesin, per kind per jaar — R20,00.

(iii) Senior Burgers, per individu of egpaar per jaar — R30,00 ('n individu of egpaar kwalifiseer indien enigen die ouderdom van 65 jaar bereik het).

2.3 Kinders wat in Phalaborwa skoolgaan en nie ingevolge (2.1) om lidmaatskap kwalifiseer nie — per kind per jaar — Gratis.

2.4 Alle lede wat nie ingevolge (2.1) lidmaatskap hou nie, moet hulself te alle tye deur mid-

del van 'n identiteitsdokument identifiseer wanneer van die biblioteekgeriewe gebruik gemaak word.

W.D. FOUCHÉ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 67
Phalaborwa
1390
Kennisgewing No. 47/1990

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 4508
TOWN COUNCIL OF PHALABORWA
AMENDMENT TO TARIFF STRUCTURE:
CEMETERY AND LIBRARY**

In terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Phalaborwa has amended the charges of (i) The Cemetery as published under notice 36/1989 in Provincial Gazette 4645 of 25 October 1989 and the (ii) The Library as published under notice 30/1985 in the Provincial gazette 4406 of 21 October 1985, with effect from 1 October 1990:

(i) CEMETERY:

1. By the substitution in item 1(1) for the figure "R60,00" of the figure "R200,00".
2. By the substitution in item 1(2) for the figure "R40,00" of the figure "R180,00".
3. By the substitution in item 2(1) for the figure "R40,00" of the figure "R180,00".
4. By the substitution in item 2(2) for the figure "R60,00" of the figure "R200,00".
5. By the substitution in item 3(1) for the figure "R30" of the figure "R100,00" and the insertion under the definition "Resident" of the figure "R20,00".
6. By the substitution in item 3(2) for the figure "R20,00" of the figure "R80,00" and the insertion under the definition "Resident" of the figure "R20,00".
7. By the substitution in item 4(1) for the figure "R80,00" of the figure "R250,00" and the insertion under the definition "Resident" of the figure "R60,00".
8. By the substitution in item 4(2) for the figure "R10,00" of the figure "R50,00" and the insertion under the definition "Resident" of the figure "R10,00".
9. By the addition of paragraph 5: For the purpose of these tariffs, the following words shall have the meanings hereby assigned to them: "Resident" means "Tax Payer or keeper of a Municipal Consumer's account, that includes the spouse, son or daughter of a Tax Payer or keeper of a Municipal Consumer's account".

(ii) LIBRARY:

1. By addition of Paragraph 2.
2. Tariffs for membership of the Library
 - 2.1 Residents, per family per year — Free.

(A Resident is a tax payer or a keeper of a Municipal consumer's account and his natural family.)

 - 2.2 Members outside the Municipality of Phalaborwa:
 - (i) Per single person or per family per year — R60,00 (a family includes the father, mother and the first two natural children or legally adopted children).
 - (ii) For every child more than two children in a family, per child per year — R20,00.
 - (iii) Senior Citizens, per individual or per married couple per year — R30,00 (an individual or married couple qualifies if any party of the couple has reached the age of 65 years).

2.3 Scholars who attend school in Phalaborwa who do not qualify for membership under (2.1), — per child per year — Free.

2.4 All members of the Library who do not hold membership under (2.1), must supply proof of identity, by means of an identity document, when using the Library.

W.D. FOUCHÉ
Town Clerk

Municipal Offices
P.O. Box 67
Phalaborwa
1390
Notice No. 47/1990

12

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4509**

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

WYSIGING VAN VERORDENINGE: ANDRIES HENDRIK POTGIETER-BANKET-SALE

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Raad sy Verordeninge Betreffende die Andries Hendrik Potgieter-banketsale, afgekondig by Kennisgewingnommer 100/1988 van 21 September 1988 verder soos volg gewysig het, met ingang van publikasie hiervan:

1. Deur die woordomskriving van "anderskleurige" te skrap.
2. Deur artikel 3(2) te skrap.

CJ F DU PLESSIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wolmaransstraat
Potchefstroom
12 Desember 1990
Kennisgewing No. 130/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4509

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

AMENDMENT OF BY-LAWS: ANDRIES HENDRIK POTGIETER BANQUET HALLS

Notice is hereby given in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, that Council has further amended its Andries Hendrik Potgieter Banquet Halls By-laws, published under notice number 100/1988 of 21 September 1988, with effect from publication hereof:

1. By the deletion of the definition "non-white".
2. By the deletion of section 3(2).

CJ F DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
Wolmarans Street
Potchefstroom
12 December 1990
Notice No. 130/1990

12

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4510**

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

WYSIGING VAN DIE HEFFING VAN GELDE KRAGTENS DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 EN ORDONNANSIE OP VERDELING VAN GROND, 1986

Kennis word hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gegee dat die Raad die

gelde soos vasgestel kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 en die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986, afgekondig by kennisgewingnommer 70/1987 van 9 September 1987, soos gewysig, verder soos volg gewysig het met ingang van 1 September 1990:

1. Deur die skrapping van die tariewe soos vervat in paragrawe: A3, A4, A6, A7, A9, A10, A11, A12, A13, B1 en B2.

CJ F DU PLESSIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wolmaransstraat
Potchefstroom
12 Desember 1990
Kennisgewing No. 121/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4510

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

AMENDMENT OF CHARGES IN TERMS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 AND THE DIVISION OF LAND ORDINANCE, 1986

Notice is hereby given in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has further amended its determination of charges in terms of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 and the Division of Land Ordinance, 1986, published under Notice number 70/1987, dated 9 September 1987, as amended, with effect from 1 September 1990, as follows:

1. By the deletion of the tariffs as mentioned in paragraphs A3, A4, A6, A7, A9, A10, A11, A12, A13, B1 and B2.

CJ F DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
Wolmarans Street
Potchefstroom
12 December 1990
Notice No. 121/1990

12

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4511**

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

TARIEWE: MOHADIN GEMEENSKAPSAAL

Kennis word hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gegee dat die Raad die Tariewe met betrekking tot die Mohadin Gemeenskapsaal soos volg vasgestel het, met ingang van 1 Augustus 1990:

- A. (1) Verhuring aan individue of organisasies wat nie vermeld word in (2), (3) of (4) hieronder nie: R100 per geleentheid vir die tydsduur 08:00 tot 23:00.
- (2) Plaaslike verenigings, plaaslike genootskappe, sportklubs, plaaslike takke van Staatsdepartemente, plaaslike Polisie, P U vir C H O, P O K en skole: R40 per geleentheid vir die tydsduur 08:00 tot 23:00.
- (3) Geregistreerde welsynsorganisasies en erkende kerkgenootskappe (Potchefstroom en ander dorpe): R30 per geleentheid vir die tydsduur 08:00 tot 23:00.
- (4) Troues: R100 per geleentheid.
- (5) Vir amptelike funksies deur die Bestuurskomitee of personeel van die Raad: Gratis.

B. Indien 'n geleentheid later duur as 23:00, is 'n bedrag van R40 per uur of gedeelte van 'n uur betaalbaar.

C. Alle huurgelde is betaalbaar voor die datum van bespreking van die saal en is geen huurgelde terugbetaalbaar by kansellasië daarvan nie, tensy skriftelike kennisgewing van kansellasië veertien (14) dae voor die besprekingsdatum gegee word.

D. 'n Deposito van R60 is betaalbaar en die huurder aanvaar volle aanspreeklikheid vir enige skade wat mag voorkom gedurende die tydperk van huur.

C J F D U P L E S S I S
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wolmaransstraat
Potchefstroom
12 Desember 1990
Kennisgewing No 119/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4511

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

TARIFFS: MOHADIN COMMUNITY HALL

Notice is hereby given in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that Council has determined the following Tariffs for the Mohadin Community Hall with effect from 1 August 1990:

A.(1) Rental for individuals or organizations which are not mentioned under (2), (3) or (4): R100 per occasion for the duration 08:00 to 23:00.

(2) Local societies, local associations, sport clubs, local Government Departments, local Police, P U for C H E, P C E and schools: R40 per occasion for the duration 08:00 to 23:00.

(3) Registered welfare organisations and recognised churches (Potchefstroom and other towns): R30 per occasion for the duration 08:00 to 23:00.

(4) Weddings: R100 per occasion.

(5) For official functions of the Management Committee or personnel of the Council: Free of charge.

B. In the event of the function carrying on after 23:00, an amount of R40 per hour or part thereof, is payable.

C. All rentals are payable in advance before the date of the booking of the hall and no refund will be made on cancellations, unless written notice is given within fourteen (14) days prior to the date of the said booking.

D. A deposit of R60 is payable and the hirer accepts full responsibility for any damages which may occur during the period of hire.

C J F D U P L E S S I S
Town Clerk

Municipal Offices
Wolmarans Street
Potchefstroom
12 Desember 1990
Notice No 119/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4512

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE

Kennis geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansië op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Raad van voorneme is om sy Straat- en Diverse Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 368 van 14 Maart 1973, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir die afvoer van 'n

'vuurwapen (waarvan die kaliber nie .22 oorskry nie), windgeweer of windpistool tydens kermissie of basaars.

'n Afdruk van die voorgestelde wysiging lê ter insae by die Departement Stadsekretaris, Kamer 315, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf 12 Desember 1990.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil maak, moet dit skriftelik by die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Wolmaransstraat indien, of dit aan Posbus 113, Potchefstroom rig voor of op 27 Desember 1990.

C J F D U P L E S S I S
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wolmaransstraat
Potchefstroom
12 Desember 1990
Kennisgewing No 137/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4512

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

AMENDMENT OF STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that Council intends to further amend the Street and Miscellaneous By-laws published under Administrator's Notice 368 of 14 March 1973.

The general purport of the amendment is to provide for the discharge of a fire-arm (not exceeding the calibre of .22), airgun or air-pistol during a fête or bazaar.

A copy of the proposed amendment is open for inspection at the Department of the Town Secretary, Room 315, Municipal Offices, Wolmarans Street, Potchefstroom, for a period of 14 (fourteen) days from 12 December 1990.

Any person who wishes to object to the proposed amendment must lodge such objection in writing with the Town Clerk, Municipal Offices, Wolmarans Street, or be addressed to PO Box 113, Potchefstroom, on or before 27 December 1990.

C J F D U P L E S S I S
Town Clerk

Municipal Offices
Wolmarans Street
Potchefstroom
12 Desember 1990
Notice No 137/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4513

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

WYSIGING VAN STRAAT EN DIVERSE VERORDENINGE

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansië op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Raad sy Straat en Diverse Verordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 368 van 14 Maart 1973, soos gewysig, verder soos volg gewysig het met ingang van publikasie hiervan:

1. Deur in artikel 24(2) die woord "sewe" deur die woord "dertig" te vervang.

C J F D U P L E S S I S
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wolmaransstraat
Potchefstroom
12 Desember 1990
Kennisgewing No 138/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4513

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM AMENDMENT OF STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, that Council has further amended its Street and Miscellaneous By-laws, published under Administrator's Notice 368 of 14 March 1973, as amended, as follows with effect from publication hereof:

1. By the substitution in section 24(2) of the word "seven" for the word "thirty".

C J F D U P L E S S I S
Town Clerk

Municipal Offices
Wolmarans Street
Potchefstroom
12 Desember 1990
Notice No 138/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 4514

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE OPENBARE GERIEWE

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansië op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Potchefstroom ingevolge artikel 96bis(2) van die Ordonnansië op Plaaslike Bestuur, 1939, die Standaardverordeninge Betreffende Openbare Geriewe deur die Minister van Begroting en Plaaslike Bestuur afgekondig by Kennisgewing 60 van 1990 in die Buitengewone Offisiële Koerant van 14 September 1990 met die volgende wysigings, met ingang van publikasie hiervan as verordeninge van die Raad aangeneem het:

1. Deur artikels "2(2)" en "9(2)" onderskeidelik te skrap.

2. Deur artikel "2(1)" na artikel "2" te hernummer.

3. Deur artikel "9(1)" na artikel "9" te hernummer.

4. Deur in artikel 12(2) die woorde "en in die kennisgewing vermeld" na die woorde "wat die raad nodig ag" te skrap.

C J F D U P L E S S I S
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Wolmaransstraat
Potchefstroom
12 Desember 1990
Kennisgewing No 131/1990

LOCAL AUTHORITY NOTICE 4514

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

STANDARD PUBLIC AMENITIES BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, that Council has in terms of section 96bis(2) of the Local Government Ordinance, 1939, adopted the Standard Public Amenities By-laws, published by the Minister of Budget and Local Government under notice 60 of 1990 in the Extraordinary official Gazette of 14 September 1990,

as by-laws of Council with effect from publication hereof and with the following amendments:

1. By the deletion of Sections "2(2)" and "9(2)" respectively.
2. By the re-numbering of Section "2(1)" for Section "2".
3. By the re-numbering of Section "9(1)" for Section "9".
4. By the deletion in Section 12(2) of the words "and mentioned in the notice" after the words "as the council deems necessary".

C J F DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
Wolmarans Street
Potchefstroom
12 December 1990
Notice No 131/1990

12

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
4515

STADSRAAD VAN POTGIETERSRUS

VERORDENINGE BETREFFENDE VOEDSELOUTOMATE EN SMOUSE

Die Stadsclerk van Potgietersrus publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

INHOUDSOPGAWE

Artikel

1. Woordoms krywing.
2. Bestek van Verordeninge.

DEEL I: VOEDSELOUTOMATE

3. Goedkeuring.
4. Skoonmaak.
5. Opberging en Hantering van Voedsel.
6. Ondersoek van Voedseloutomate.
7. Verkoop van Drank in Verseelde Houers vanuit Meganiese Verkoelers.

DEEL II: VOEDSELSMOUSE

8. Kategorieë van Voedsel.
9. Algemene Vereistes vir Voertuie.
10. Aanwys van Staanplekke of Stalletjies.
11. Beperkings Betreffende Tydperk wat Smous op een Plek kan Smous, en Plek waar hy kan Smous en Ure waartussen Gesmous mag word.
12. Algemene vereistes vir Persele.
13. Algemene vereistes vir Voedsel.
14. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie A.
15. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie B.
16. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie C.
17. Bykomende Vereistes: Voedselkategorie D.

DEEL III: ANDER SMOUSE EN ALGEMENE BEPALINGS

18. Ander Smouse en Algemene Bepalings.
19. Versperring en Oorlas.
20. Magtiging moet op Versoek Vertoon word.

21. Algemene Gedrag.

22. Kansellering van Reg op Stalletjie of Staanplek.

23. Ondersoek.

24. Dwarsboming.

25. Misdrywe en Strawwe.

26. Herroeping van Verordeninge.

Woordoms krywing

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"beheerder" die persoon of liggaam van persone wat die werklike beheer oor die verskaffing van voedsel of verversings vanuit 'n voedseloutomate of 'n meganiese koeltoestel uitoefen;

"bevore suikergoed" yslekkers, ys-suiglekkers en enige soortgelyke handelsartikel wat gemaak is van water, soetmaakmiddels, stabiliseringsmiddel, geursel en kleurstowwe, hetsy met of sonder vrugte of vrugtesap;

"diens" beteken 'n persoonlike diens gelewer deur 'n persoon, sonder om enige ware te verkoop;

"fabrieksverpakte voedsel" voedsel wat voorberei, vervaardig en verpak is op 'n perseel wat oor 'n toepaslike voedselvervaardigerslisensie, soos omskryf in die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), beskik;

"goedkeur", "toereikend", "voedsel" en "voedingsmiddel" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge;

"perseel" soos omskryf in die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, maar dit omvat nie 'n voertuig, struktuur, drawinkeltjie of houer of enigiets anders waaruit of vanwaar 'n voedsel-smous kragtens hierdie verordeninge, kan smous nie;

"Raad" die Stadsraad van Potgietersrus, die Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdheede wat ingevolge die bepalinge van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom delegeer is, en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge die bepalinge van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad die bevoegdheede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad delegeer het;

"roomys" en "sorbet" soos omskryf in die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972);

"smous" om enige voedingsmiddel of enige ander artikel wat ingevolge hierdie verordeninge toegelaat word, te verkoop of vir verkoop uit te stal op 'n ander plek as 'n vaste perseel en "te smous" het 'n ooreenstemmende betekenis;

"Tarief van Gelde" soos van tyd tot tyd deur die Raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;

"toebroodjie" een of meer snye brood, 'n middeldeurgesnyde broodrolletjie, hetsy gerooster al dan nie, met 'n laag ander voedsel daarop of daartussen;

"vereis" soos vereis na die mening van 'n gesondheidsinspekteur, met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes in die besondere geval;

"voedseloutomate" enige muntoutomate of ander outomatiese masjien of toestel waardeur voedsel regstreeks aan die verbruiker gelewer of beskikbaar gestel word;

"voedsel-smous" 'n marskramer of 'n venter of iemand wat, hetsy as prinsipaal, agent of werknemer enige voedingsmiddel verkoop of voor-

sien, of dit te koop aanbied of uitstal, uitgesonderd in of op 'n vaste perseel;

"voertuig" enige vervoermiddel waarin of waarop voedsel vervoer word, hetsy so 'n voertuig meganies aangedryf word al dan nie, en sluit houers wat rondgedra of gestoot word in;

"worsbroodjie" 'n toebroodjie wat bestaan uit 'n worsie in 'n oop of middeldeurgesnyde of 'n deurgesteekte broodrolletjie.

Bestek van Verordeninge

2. Ondanks andersluidende bepalinge van die Raad se Voedselhanteringsverordeninge, kan voedsel, soos hierna bepaal, in 'n voedseloutomate opgeberg, of deur middel daarvan gelewer word, en deur 'n voedsel-smous opgeberg en verkoop word, na gelang van die geval. Die bepalinge van hierdie verordeninge word vertolk as synde aanvullend tot die Raad se Voedselhanteringsverordeninge en Gesondheidsverordeninge en doen nie afbreuk daaraan nie.

DEEL I: VOEDSELOUTOMATE

Goedkeuring

3. Niemand mag 'n voedseloutomate bedryf nie tensy —

- (a) dit goedkeur en stofdig is; en
- (b) die plek waarop dit bedryf gaan word, goedkeur is.

Skoonmaak

4. Die beheerder van 'n voedseloutomate of roomysmasjien moet toesien dat —

- (a) dit te alle tye skoon en ongediertevry is;
- (b) dit slegs op sodanige wyse en met sodanige toerusting as wat goedkeur word, skoongemaak word;
- (c) geen ongemagtigde persoon dit oopmaak, verstel, herstel, diens of op enige wyse daarmee peuter nie; en
- (d) die roomysmasjien voor elke vulling behoorlik skoongemaak word.

Opberging en Hantering van Voedsel

5. Die beheerder van 'n voedseloutomate moet toesien dat —

- (a) alle houers wat vir die gebruik van voedsel verskaf word, voordat dit gebruik word —
 - (i) binne-in die voedseloutomate opgeberg en outomaties daaruit voorsien word; of
 - (ii) in 'n stof en ongediertevrye leweringshouer waartoe slegs die beheerder toegang het, opgeberg word;
- (b) slegs skoon en ongebruikte houers in die voedseloutomate of leweringshouer geplaas word;
- (c) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke voedseloutomate geplaas word;
- (d) slegs voedsel wat in 'n goedgekeurde en gelisensieerde perseel vervaardig of voorberei en verpak is in 'n voedseloutomate geplaas en deur middel van so 'n voedseloutomate verkoop word;
- (e) alle bederfbare voedsel teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur wat vereis mag word in die geval van voedsel wat bedoel is om koud verkoop te word en teen laagstens 65°C in die geval van voedsel wat bedoel is om warm verkoop te word, in die voedseloutomate gehou en daaruit bedien word;
- (f) elke voedseloutomate voorsien is van 'n apparaat waarmee die heersende temperatuur binne in die kompartement waarin voedsel gehou word, aangedui en geregistreer word;

(g) elke houer of verpakking waarin voedsel deur middel van 'n voedseloutomaat voorsien word —

(i) behoorlik verseël is deur die vervaardiger en in sodanige verseëldede vorm aan die verbruiker bedien word; en

(ii) die naam en adres van die vervaardiger of verskaffer daarvan asook besonderhede van die inhoud daarvan duidelik leesbaar buite op aangegeve word;

(h) alle voedsel wat in die voedseloutomaat geplaas word, op so 'n wyse daarin geplaas word dat dit eers daaruit gelewer of beskikbaar gestel kan word nadat die voorraad wat reeds daarin is uitgeput is;

(i) indien die verkoelingsmeganisme van 'n voedseloutomaat vir 'n aaneenlopende tydperk van vier uur of langer buite werking was, alle bedienbare voedsel wat gedurende daardie tydperk in sodanige voedseloutomaat is, daaruit verwyder en vernietig word;

(j) sy naam en adres duidelik leesbaar, onuitwisbaar en op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die voedseloutomaat aangebring is.

Ondersoek van Voedseloutomate

6.(1) Die beheerder moet op versoek van 'n gesondheidsinspekteur 'n voedseloutomaat oopmaak vir ondersoek en die neem van monsters.

(2) 'n Gesondheidsinspekteur kan die gebruik van 'n voedseloutomaat belet indien hy van mening is dat die voedsel wat daaruit voorsien word nie geskik is vir menslike verbruik nie of as sodanige outomaat defektief is.

(3) Die beheerder van 'n voedseloutomaat waarvan die gebruik ingevolge subartikel (2) belet is, mag sodanige voedseloutomaat nie gebruik nie totdat 'n gesondheidsinspekteur tevrede gestel is dat die voedsel wat daaruit voorsien sal word wel geskik is vir menslike verbruik en dat sodanige outomaat in behoorlike werkende toestand is.

Verkoop van Drank in Verseëde Houers vanuit Meganiese Verkoelers

7. Die beheerder van 'n verkoeler waaruit drank in verseëde houers verkoop word, moet toesien dat —

(a) sodanige verkoeler van 'n goedgekeurde tipe is; en

(b) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke verkoeler verskaf word.

DEEL 2: VOEDSELSMOUSE

Kategorieë van Voedsel

8.(1) Vir doeleindes van hierdie deel, word voedsel waarmee gesmous word in die volgende kategorieë ingedeel:

(a) KATEGORIE A

Vrugte en Groente.

(b) KATEGORIE B

Fabrieksverpakte roomys, sorbet, bevrore suikergoed, melk en melkprodukte, vrugtesappe en ander koeldrank wat verkoel moet word.

(c) KATEGORIE C

Fabrieksverpakte lekkers, neut, biltong, soet en southappies, snoeperye, koeldrank wat teen kamertemperatuur geberg kan word, suikerdons en springmielies.

(d) KATEGORIE D

Gaar worsies gereed vir gebruik wanneer dit verkoop word, sonder dat enige verdere bereiding nodig is: Met dien verstande dat sodanige worsies verder berei kan word slegs deur dit in warm water te plaas.

Toegedraaide gaar vleispasteitjies, gereed vir onmiddellike verbruik.

Toegedraaide broodrolletjies, worsbroodjies en toebroodjies.

Onafgedopte gekookte eiers.

Tee, Koffie en ander voorafverpakte drank.

Enige ander goedgekeurde voedsel.

(2) Niemand mag enige ander voedsel as wat in subartikel (1) gespesifiseer word, smous nie, tensy dit deur Die Hoof: Gesondheidsdienste goedgekeur is nie.

Algemene Vereistes vir Voertuig

9.(1) Niemand mag voedsel vanaf of vanuit 'n voertuig smous nie, tensy sodanige voertuig spesifiek goedgekeur is vir die smous van sodanige voedsel.

(2) Die eienaar moet jaarliks vir elke voertuig, drawinkeltjie, fiets, houer of enige tipe artikel wat gebruik word vir die smous van voedsel 'n permit bekom van die Raad se Gesondheidsdepartement en moet die nommer van die permit op sodanige voertuig, drawinkeltjie, fiets of houer of enige tipe artikel aanbring.

(3) 'n Voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag vir geen ander doel as waarvoor dit goedgekeur is, gebruik word nie.

(4) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer moet sodanig gemaak wees en onderhou word dat geen vloeistof daaruit op die straat of grond sal uitloop nie.

(5) Alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle wat saam met of in verband met die smous van voedsel gebruik word, moet van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(6) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer wat vir of in verband met die smous van voedsel gebruik word, moet te alle tye in 'n skoon en sanitêre toestand wees.

(7) Die naam en adres van die smous namens wie gesmous word en die naam van sy gelisensieerde perseel moet duidelik leesbaar en onuitwisbaar op 'n opsigtelike plek op die voertuig, drawinkeltjie of ander houer aangebring word.

(8) Die smous van voedsel vanaf 'n voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag slegs plaasvind in 'n area waar toegang tot sanitêre geriewe gereedlik beskikbaar is.

Aanwys van Staanplekke of Stalletjies

10.(1) Geen smous mag van enige vaste plek, staanplek of stalletjie besigheid dryf nie behalwe vanaf 'n vaste plek, staanplek of stalletjie soos van tyd tot tyd deur die Raad by besluit bepaal: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is op enige produsent van landbou of suiwelprodukte ten opsigte van die dryf van besigheid binne die raad se regsgebied op die grond waar sodanige produsent sodanige produkte produseer nie.

(2) Geen smous is geregtig om enige staanplek of stalletjie te okkupeer tensy hy van die Raad 'n skriftelike magtiging om dit te doen verkry het en hy aan die Raad die toepaslike geld, soos in die Tarief van Gelde voorgeskryf, betaal het nie.

(3) Elke aansoek om 'n skriftelike magtiging ingevolge subartikel (2) word skriftelik aan die Raad gedoen nie later nie as 12:00 die middag op die derde dag voor die verstryking van die maand wat die maand waarin die applikant handel wil dryf, voorafgaan, en sodanige skriftelike magtiging verval op die laaste dag van die maand ten opsigte waarvan dit uitgereik is, of in die geval van 'n jaarlikse magtiging, op 31 Desember van die jaar ten opsigte waarvan dit uitgereik is, na gelang van die geval.

(4) Die beskikbaarheid van enige staanplek of stalletjie deur die Raad aangewys word op 'n eerste kom, eerste maal grondslag bepaal en sodanige beskikbaarheid word nie geag deur die Raad aan enige persoon gewaarborg te wees nie.

(5) Die ruimte wat ten opsigte van enige

staanplek of stalletjie in beslag geneem word, mag nie die volgende mate oorskry nie:

In die geval van 'n smous —

(a) van landbou- of suiwelprodukte: 30 m²;

(b) van snyblomme: 30 m²;

(c) van nuusblaai: 5 m².

Beperkings betreffende Tydperk wat Smous op een Plek kan Smous, en Plek waar hy kan Smous en Ure waartussen Gesmou mag word

11.(1) Tensy daar aan 'n smous 'n spesifieke plek of staanplek waar hy besigheid kan dryf, aangewys is, mag geen smous —

(a) op een plek of binne 'n straal van 50 meter van daardie plek vir 'n tydperk van langer as 10 minute bly nie;

(b) na enige punt of binne 'n straal van 50 meter van enige punt waarlangs hy voorheen gedurende daardie betrokke dag beweeg het terugkeer met die doel om besigheid te dryf nie;

(c) behoudens die bepalings van artikel 116, van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989), besigheid dryf in enige gebied, straat of plek soos van tyd tot tyd deur die Raad by besluit bepaal nie.

(2) Met die uitsondering van 'n smous wat in voedselware handel dryf, mag geen smous buite die ure vanaf 06:00 tot 18:00 vanaf Maandag tot Saterdag of op Sondag en Godsdienstige vakansiedae handel dryf nie.

Algemene Vereistes vir Persele

